

# Q&A

*T’rumah*

# MIDRASH VRAE

www.houtkruis.co.za

# MIDRASH VRAE

## DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:

**Torah:** Eks. 25:1 – Eks. 27:19
**Haftarah:** 1 Kon. 5:1 – 1 Kon. 6:13
**B'rit Hadashah:** Mat. 5:17-35

1. Wat was die eerste ding wat Abba Vader vir Moses gesê het toe hy vir 40 dae en nagte op Berg Sinai opgevaar het? Wat is die Hebreeuse woord en wat beteken dit?
2. Het Abba Vader enigiemand verplig om 'n terumah te gee? By wie het Moses die "terumah" ontvang? Waar het hulle 'n "terumah" gekry?
3. Watter spesiale vereistes is aan Moses gegee met betrekking tot die bou van die Tabernakel, en hoekom spesifiek 'n Tabernakel?
4. Wat is die Hebreeuse woorde vir "Tabernakel", en watter prentjie skets Abba Vader vir ons hiermee?
5. Wat was die eerste ding wat Abba Vader Moses opgedra het om in die Tabernakel bo op Berg Sinai te bou? Hoekom dink jy spesifiek dit?
6. Wat was die tweede instrument wat gemaak moes word? Uit watter materiaal was dit, en wat het met hierdie instrument gebeur?
7. Uit hoeveel lae materiaal het die Tabernakel of die Miskhan se dak bestaan?
8. Wat was op die dekkleed geborduur wat jy gesien het as jy in die Tabernakel gestaan en opgekyk het?
9. In watter vorm of patroon was die meubels van die Tabernakel gesit as jy van bo af kyk?
10. Wat was die rol van die voorhangsel binne-in die Tabernakel?

11. Hoe groot was die voorhangsel in die tempel wat geskeur het toe Yeshua op die kruis was? (Sien Haftarah-gedeelte.)

12. Wat verteenwoordig die rooi kleur in die voorhangsel? Hoe het die kinders van Israel dit bekom, en hoe sien ons Yeshua hierin?

13. Die Hebreeuse woord vir “voorbeeld” of “pattern” in Eksodus 25:9 is tabneeth. Wat is die werkwoord of “root word”? Waar word hierdie woord die eerste keer gebruik, en hoe sluit dit aan by die prentjie van die Tabernakel?

14. Op Berg Sinai kry Moses besonderhede oor die konstruksie van die Tabernakel: eerstens instruksies oor die bou van die ark en die versoeningsdekse, dan die tafel van toonbrode en die menorah. Van watter instrument word daar niks genoem in die week se gedeelte, en hoekom dink jy?

15. Moses kry al hierdie instruksies oor die Tabernakel in sy 40 dae (960 uur) op die berg, maar wat gee Abba Vader fisies vir Moses?

16. Watter temas of patrone sien julle wat beide die Torah-gedeelte (Eksodus 25:1–27:19) en die Haftarah (1 Konings 5:1–6:13) verbind?

17. Watter temas of boodskappe sien julle wat beide Eksodus 25:1–27:19 en Matteus 5:17–35 verbind?